

Lêerno : 20/3/P
Verwysing: 20231117-9983

Eksamenadministrasieminuut: 0013/2023

Aan: Adjunk-direkteurs-generaal, Hoofdirekteure, Direkteure (Hoofkantoor en distrikskantore), Adjunkdirekteure, Hoofonderwyskundiges, Hoofde: Kurrikulumondersteuning, Hoofde: Bestuur en Beheer, Kringbestuurders, Adjunk-hoofonderwyskundiges, Hoofde: Leerderondersteuning, Assesserings- en Eksamenkoördineerders, Vakadviseurs en Hoofde van inrigtings wat kandidate vir die Nasionale Senior Sertifikaat-eksamen voorberei

Onderwerp: Prosedures vir die bestuur van Musiek Vraestel 2 (P2) (Begrip) tydens die Nasionale Senior Sertifikaat-eksamen in Oktober/November 2023

1. Musiek se P2-eksamen (Begrip) sal op **04 Desember 2023** geskryf word. Die vraestelle, asook die kompakskyf (CD) wat die verskillende musieksnitte bevat, sal gedurende die week van 30 November 2023 versend word.
2. Die CD wat die verskillende musieksnitte bevat, sal apart van die vraestelle in 'n koevert wat met borrelplastiek uitgelê is, verpak en dan binne-in die bruin kartonbokse wat die swart seilsakke bevat, verpak word.
3. Sodra die bruin kartonbokse afgelewer word, moet dit onmiddellik na 'n veilige area, soos die prinsipaal/hoofopsiener se kantoor, geneem en oopgemaak word. Die besending moet dan noukeurig gekontroleer word.
4. Die sessie se swart seilsakke, wat die vraestelle en koevert wat met borrelplastiek uitgelê is, bevat, moet onmiddellik in die kluis/instapkluis gestoor word.
5. Sodra die CD wat die verskillende musieksnitte bevat afgelewer word, moet dit voor die eksamen op **04 Desember 2023** getoets word. Die vakopvoeder vir Musiek moet die CD wat die musieksnitte bevat in die teenwoordigheid van die hoofopsiener op die CD-speler wat tydens die eksamen gebruik sal word, toets. Elke musieksnit moet getoets word. In die geval waar die CD wat die musieksnitte bevat foutief sou wees, moet **me. B Calvert onmiddellik daarvan in kennis gestel word by 021 467 2994**.
6. Die volgende prosedures vir die bestuur van die Musiek P2-eksamen moet nougeset **op die eksamendag gevolg word:**

- 6.1 Die CD wat die musieknitte bevat, asook die CD-speler wat tydens die eksamen gebruik sal word, moet weer getoets word. Die toets moet een uur voor die aanvang van die eksamen gedoen word. Maak asseblief seker dat die opvoeder wat die CD-speler tydens die eksamen gaan gebruik, vertrouwd is met die funksies daarvan.
- 6.2 Die vraestel verskaf duidelike instruksies oor **hoeveel keer die musieknitte gespeel moet word**, en geen afwyking hiervan sal toegelaat word nie. Kandidate mag nie versoek dat die musieknitte meer kere herhaal word as wat in die vraestel se instruksies gestipuleer word nie.
- 6.3 Alle kandidate moet vir die volle duur van die eksamen in die eksamenlokaal bly, ongeag of hulle die eksamen voor die afsnytyd voltooi het.
- 6.4 Die eksamen moet onder die toesig van die hoofopsiener afgeneem word.
7. Dit is belangrik dat gebeurlikheidsplanne in plek moet wees indien geskeduleerde en ongeskeduleerde kragonderbrekings plaasvind, sodat die eksamen steeds kan voortgaan.
8. Sou enige gebeurlikheid plaasvind, moet die skool die toepaslike protokolle implementeer om te verseker dat alle kandidate die eksamen op die dag voltooi.
9. Bring asseblief die inhoud van hierdie minuut onder die aandag van die musiekopvoeder/s en hoofopsiener.

GETEKEN: H MAHOMED

ADJUNK-DIREKTEUR-GENERAAL: KURRIKULUM- EN ASSESSERINGSBESTUUR

DATUM: 2023-11-24